



Eynbos

Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

No/Nr 174 April 2023

Reg no / nr 005-622 NPO

kleinmondnbv@gmail.com

Kleinmond se Preekboom

Ons bekende preekboom op die gras langs die strandmeer het onlangs 'n baie mooi houtstellasie rondom gekry. Dis goed en reg so, want die ou boom het al die ondersteuning nodig wat hy kan kry.

Dit is 'n Monterey sipres (*Hesperocyparis macrocarpa*) en kom oorspronklik van die sentrale kusgebied van Kalifornië in die VSA. In die natuur is daar nog net twee klein stanings oor. Klaarblyklik het hy tydens die vorige ystydperk oor 'n groot gebied voorgekom.

Hy groei die beste op plekke met koel, klam somers en mistige weer.

Dit is 'n immergroen boom van medium grootte. Omdat hy in wind en weer langs die kus groei, het hy dikwels 'n plat kop en skewe, amper verwronge takke, net soos ons preekboom.

Die blare is 'n helder donkergroen en het 'n suurlemoengeur wanneer 'n mens dit in jou hand vryf. Hulle is ook klein en soos skubbe gerangskik om verdamping en windschade te voorkom. Die blare van jong boompies is langer en naaldevormig.

Saadkeëls is min of meer rond tot langwerpig en aanvanklik groen. Hulle word na ongeveer twee jaar ryp en is dan bruin. Stuiwmeel word in die laatwinter en lente vrygestel. *Macrocarpa* beteken "groot vrugte".

Omdat die boom dikwels 'n baie dik stam het, meen mense dat hulle baie oud word. Die oudste lewende boom is egter minder as 300 jaar oud en in die VSA leef hulle meestal nie eers 'n honderd jaar nie. Toestande in Nieu-Seeland is skynbaar gunstiger, want daar leef



bome wat in 1860 rond geplant is, nog steeds.

In Kalifornië word die twee oorblywende stanings tans beskerm. Oorspronklik word die boom oral in die wêreld aangeplant. Daar is ook 'n staning in Kaapstad wat aangeplant is om Suid-Afrikaanse soldate wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in Italië en Noord-Afrika gesterf het, te gedenk.

Ons preekboom is al oorlewendende van wat oorspronklik 'n hele staning was.

Baie mense ken die boom as *Cupressus macrocarpa*. Dit was inderdaad eers sy naam, maar wetenskaplikes het later besluit dat die sipresse wat in die nuwe wêreld (die Amerikas) voorkom, genoeg van die sipresse van die ou wêreld verskil om hul eie genus-naam te regverdig.

Bron https://en.wikipedia.org/wiki/Cupressus_macrocarpa

Bird of the year

Cape Parrot on the brink

The Cape Parrot, the bird of the year for 2023, is the only endemic parrot species in South Africa, but it is also an endangered species, with a wild population of fewer than 1 000 birds, according to an assessment done in 2004.

Cape parrots and yellowwood trees

The Cape Parrot is an attractive, medium-sized bird with an olive-yellow to golden brown head, throat and neck. Its body and the wings are dark green. Thighs and outer edges of the wings are orange-red and the tail and flight feathers are bottle-green to black. Females can be recognized by their orange-red foreheads, males by their dark brown fore-crown.

They live in indigenous Mistbelt forests, but these tiny patches of forest are becoming ever smaller because of hardwood harvesting and agricultural and plantation development. Cape Parrots are now only found in small patches of Mistbelt forests between Hogsback in the Eastern Cape and the Balgowan and Karkloof areas of KZN.

The birds need these forests as their diet is extremely specialised. They eat the fruit kernels of yellowwood trees (*Afrocarpus* / *Podocarpus spp.*) and the kernels of other forest fruit from June to November when yellowwood fruit is not available. They use their large beaks to crack the hard nuts and fruit kernels, and feed on the yellowwood fruits while they are still green (thereby making sure they are one step ahead of other fruit-eating birds).

Female yellowwood trees bear their fruit irregularly and fruiting events can be separated by six to seven years. Cape parrots therefore have to move between forest patches, occasionally making long foraging trips to coastal forests and/or food sources outside forests.

Due to the continued decline in forest patches and subsequent food shortages, the birds have increasingly made use of commercial crops and invasive alien trees. Unfortunately this has resulted in the birds being malnourished and falling victim to the psittacine beak and feather disease (PBFD).

Cape Parrots are sought-after birds in the local and international pet trade. Numerous breeders across the country are breeding with this species, but harvesting them from the wild is still a problem.



Image: Birdlife Overberg

Helping the Cape Parrot

Various groups are doing sterling work to preserve both the parrot and its habitat.

The Cape Parrot Working Group (CPWG) is working to establish a self-sustaining captive breeding programme to supply the pet trade and thereby hopefully reduce harvesting of wild birds.

The Cape Parrot Project and Wild Bird Trust was formed in 2009 in Hogsback and focuses on research and partnering with local communities for habitat restoration.

The Cape Parrot and Mistbelt Habitat Conservation Action Plan, started in 2019, focuses on restoring and protecting local Afromontane indigenous forests. Thousands of indigenous tree saplings are produced through community-run nurseries in communities adjacent to forest habitat and the nursery in Hogsback.

The Cape Parrot Project partners with communities to restore forest habitat, thereby also creating livelihood opportunities in local communities that are dependent on a healthy ecosystem and their surrounding indigenous forest. The project also engages with schools in the nearby local communities for education drives for children to be agents of positive environmental change and increase appreciation for the indigenous forests and all the species that call these forests home.

Sources

1. Jeanetta Selier, SANBI. Biodiversity Assessment and Monitoring, November 2015
2. Dr Anton Odendal, chairperson, BirdLife Overberg
3. <https://africageographic.com/stories/cape-parrot/>
4. <https://www.wildbirdtrust.com/projects/cape-parrot-project>

Waar kom al die slange vandaan?



Kleinmond lê in die buffersone van 'n biosfeer en word omring deur natuurreservate. Wilde diere lees natuurlik nie die boek oor die respekteer van grense nie, en dorpenaars word dikwels besoek deur mede-bewoners van ons omgewing, soos muishonde, ystervarke, bokkies, dassies en klipkonyne. Bobbejane is ou bekendes en hier was ook al 'n rooikat in 13de Laan en 'n luiperd op die gholfbaan. Om van ons geveerde vriende nie eers te praat nie.

En dis asof ons al meer hoor van slange in tuine en selfs in huise. Word hulle meer? Versprei die nuus dalk net vinniger as voorheen?

Miskien het die brand iets daarmee te doen en moet slange nou menslike vestings binnedring om kos te soek. Mens sien hulle in elk geval meer dikwels in die herfs, veral in skielike warm weer. Hulle soek kos voordat die winterrus aanbreek.

Moenie alles glo wat jy hoor nie

Slange was nog altyd 'n bron van byna atavistiese vrees. Die enigste goeie slang is 'n dooie slang, dink baie mense. Daar is egter baie wanopvattinge oor slange.

- Hulle is nie slymerig nie; intendeel, hulle velle is koel en droog.
- Hulle is nie aggressief nie, en sal veel eerder geluidloos verdwyn of doodstil lê in die hoop dat hulle nie gesien word nie. As 'n slang vasgekeer of seergemaak word, sal hy hom soms verdedig deur te pik, maar selfs dan verkies hy om pad te gee as hy kan.
- Slange is doeltreffende en bedrewe roofdiere, maar van klein diertjies soos muise, rotte, akkedisse, paddas en klein voëltjies, nie van mense nie. As dit nie vir slange was nie, het rotte en ander knaagdiere die mens al lankal oorweldig.
- Daardie flikkerende tong is vir ruik.
- Die meeste slange kan nie hul gif "spoeg" nie. In Suider-Afrika is daar net vyf wat dit doen en in die Wes-Kaap net een, die rinkhals.
- As jy 'n slang doodmaak, sal sy maat nie kom wraak

'n Boomslang met sy kenmerkende groot oë wat onlangs heel vreedsaam uit 'n huis in Kleinmond gered is en na die natuur verskuif is.

neem en jou voorlê nie. Slange is alleenlopers. Hulle kom meestal net bymekaar om te paar. Mens kry wel slange wat saam hiberneer.

- Slange pik vorentoe of na die kante toe, maar nie agtertoe nie.

Voorkoming is beter as genesing

- Slange hou van donker en verwaarloosde hoekies in jou tuin. Raak dus liever ontslae van jou rommel.
- Slange word gelok deur water en koelte, vandaar die stories van slange in toilette. Hieraan kan jy nie juis iets doen nie, behalwe om opletterend te wees.
- As daar baie dierelewe in jou tuin is, sal daar ook slange wees, meestal van die skadelose, nie-giftige soort. Jy sal hulle waarskynlik selde of ooit te sien kry.
- Hoenderhokke, voëlhokke en haashokke lok slange.
- Op 'n skielike warm dag in die winter sal slange son soek. Hulle wil dan eintlik net met rus gelaat word terwyl hulle 'n bietjie lê en bak.
- Die beste voorsorg is om uit te vind waar jou naaste slangvanger is, en sy nommer byderhand te hou.

Sê nou daar is 'n slang?

Gestel jou paaie kruis met dié van 'n slang. Wat nou?

In jou tuin ...

- Die slang sal meestal eerste maak dat hy wegkom.
- Indien hy bly waar hy is, moet jy die kinders en honde in die huis gaan toesluit, iemand kry om die slang van 'n veilige afstand (ten minste 8 meter) dop te hou en die slangvanger bel.
- Hier is meer as een slangvanger in ons kontrei.
- In Kleinmond (dorpsgebied en reservaat) mag jy nie 'n slang skiet nie.



Hierdie pofadder is opgemerk waar hy rustig in die son lê en bak het in een van die stappaadjies in die berg.

In jou huis ...

- Vat die kinders en honde uit, liefies na die bure of naby vriende se huis.
- Nou is dit nog belangriker om die slang fyn dop te hou terwyl jy die slangvanger bel.

In die straat ...

- Wag rustig tot die slang verdwyn het. As hy na 'n huis gaan waar mense is, moet jy die wenke hierbo volg.

In die veld ...

- Staar doodstil en wag dat die slang wegseil. Moenie met stokke gaan rondkrap op die plek waarheen hy verdwyn het nie. Leer by die slang en maak dat jy wegkom!

Waarom nie die slang dadelik met 'n graaf of stok doodmaak nie?

Slange vervul 'n belangrike en baie nuttige rol in die natuur deur knaagdiergetalle in toom te hou. En as jy nog nie snags gevoel het hoe rotte oor jou hardloop

nie, of hulle onder jou bed hoor ritsel het nie, moet jy miskien nie te gou verklaar dat slange erger as rotte is nie.

Die drie bekende giftige slange in ons omgewing is die pofadder, geelslang of Kaapse kobra en die rinkelhals. Hulle is uiters gevaarlik en moet liefies met rus gelaat word. Bel die slangvanger!

Boomslange is 'n redelik algemene gesig in ons tuine, miskien omdat hulle in die dag aktief is. Die kans dat die boomslang jou sal byt, is uiters skaars. Die wat wel gebyt word, is omtrent altyd mense wat met slange werk. Bel in elk geval die slangvanger.

'n Gevlekte skaapstekker (matig giftig) en 'n bergadder (gevaarlik) is al in ons omgewing raakgesien deur besonder oplettende natuurliefhebbers. Die rooilipslang leef in vleie en fynbos, maar is naglewend en word dus selde gesien. Die gevlekte kousbandjie, Karoosweepslang en Kaapse sweepslang (matig giftig) kom ook in fynbosgebied voor.

Die gewone eivervreter, molslang, Kaapse wolfslang, slakvreter of tabakrolletjie, Sundevall se graafneuslang, bruinwaterslang, geelpenshuisslang, gevlekte rotsslang, Auroraslang, olyfhuisslang en die bruinhuisslang kom almal in fynbosgebied voor en is almal onskadelik. Die slang wat jy in jou tuin sien, is waarskynlik een van hulle.

Minder as 10% van Suid-Afrika se slangspesies is gevaarlik giftig. En eintlik word min mense elke jaar gebyt. In KZN en Mpumalanga word daar jaarliks minder as 30 mense uit elke 100 000 gebyt en is die sterftesyfer minder as 2%. Jou kans om in 'n noodlottige motorongeluk betrokke te wees, is veel hoër as om deur 'n slang gebyt te word.

Nogtans moet ons slange, soos alle wilde diere, met respek behandel.

Bron

Marais, Johan. 2004. *'n Volledige gids tot die slange van Suider-Afrika*. Kaapstad, Struik Nature.

***Fynbos* is die nuusbrieff van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

***Fynbos* is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the Editorial Committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)

Mimetespark vol kleur

Mimetespark se span vrywilligers is besig om klein wonderwerkies te verrig. Die droë oostelike deel van die park is netjies gemaak en beplant, en dit is al 'n kleurvolle gesig, al is die droogste deel van die jaar pas verby. Die nuut geplante Proteas, Mimetesse en speldekussings is nog klein, maar kom al mooi aan. Met hulle sal ons geduldig moet wees!

Dit is die nat westelike deel van die park wat nou aandag en harde werk vra, maar ook daar is al veel vermag. Indringers word steeds uitgekap, paadjies is uitgelê en beddings beplan. Nou dat die indringers meestal weg is, word al meer inheemse plante ontdek.

'n Groot gedeelte van hierdie deel van die park is in die winter onder water. Dit dreineer in 'n klein stroompie wat onder Hoofweg deur na die strandmeer toe loop.

Intussen word Kleinmond se vleigrond baie vinnig toegebou, en in die proses gaan skaars waterliewende plante tot niet. Mimetespark bied ons egter 'n geleentheid om 'n stukkie vlei met sy unieke en spesiale plantegroei en dierelewe te laat herleef.

Die plan is om in die winter te kyk presies hoe die park in 'n vleiland verander en dienooreenkomstig te beplan vir vorentoe. Die meeste vleilande droog elke somer op, en dit is nie 'n probleem nie. 'n Mens moet net sorg dat die regte plante in die area gevestig word.

Die vrywilligers is ook besig om Mimetespark se diere- en voëlbevolking te leer ken. Daar is 'n inwonende dikkop-paar en tarentale wat gereeld kom skrop. In die winter is daar al verskeie voëls op die water op die water gewaar. En Magdaleen Brits, die persoon in



Magdaleen Brits (heel links) en 'n paar van die vrywilligers wat hard werk om van Mimetespark 'n lushof te maak.



beheer van die hele ontwikkeling, het op 'n goeie dag 'n geelslang daar gesien. Hy is natuurlik nou skoonveld.

Laastens is daar ook 'n nes met Kaapse heuningbye. Kaapse heuningbye word natuurlik deur byeboere gebruik, maar hierdie kolonie is heeltemal wild. Hulle bly al vir baie jare daar in 'n nes onder 'n klomp klippe. Daar is natuurlik oral in die veld sulke kolonies, maar dis selde dat hulle so rustig in dorpsgebied kan bly. Ons is bevoorreg om hier nog so naby aan die natuur te lewe.



Honey bees in the wild



Image: Magriet Brink

Why should they stay in the wild?

In SA the majority of honey bees are wild. Wild bees are generally healthier and more resilient than bees kept in hives.

There are more than 1 000 species of bees (besides honey bees) in SA; most are solitary bees. These species co-exist in a fine balance. Each individual or colony has a specific territory. Wild bee nests are spread out evenly over the available area.

Two honey bee species in SA

African honey bee (*Apis mellifera scutellata*) north of the Western Cape

Cape honey bees (*Apis mellifera capensis*) are generally in the Western Cape.

A colony of Cape honey bees has lived in a nest in Mimetes Park for many years.

They are part of the natural environment and need our protection.

- Be careful when in their vicinity.
- Please do not disturb them!

- They are generally docile although aggressive when provoked.
- Darker than African bees.
- Their worker bees can produce male and female offspring.
- This enables a colony to re-queen when it loses its queen.

Terug na die oorspronklike veld

'n Nuwe konsep in bewaringskringe is die herstel van die oorspronklike ekologie van 'n gebied, ook bekend as "rewilding".

Die doel daarvan: om die sigbare resultate van die mens se invloed sover moontlik te verwyder en die gebied toe te laat om na sy natuurlike toestand terug te keer.

Die proses moet aanvanklik goed bestuur word, maar algaande kan die mens al meer onttrek tot die natuurlike ekologie hervestig is en in 'n mate selfstandig kan voortgaan.

Op groot skaal

- By oorgrensparke word alle grensdrade tussen lande, streke of eiendomme verwyder.
- Areas tussen kleiner parke word beskikbaar gestel en die hele gebied word 'n bewaar-area.
- Damme en keerwalle word uit riviere gehaal en die rivier word toegelaat om sy natuurlike loop te neem.

Op kleiner skaal

- 'n Boer maak tekens van bewoning en bewerking op sy plaas (of 'n gedeelte daarvan) tot niet en laat die grond toe om na sy natuurlike toestand terug te keer. Sommige plase oos van Kleinmond word so bestuur.
- Munisipaliteite bestuur sypaadjies, oop ruimtes en parke op so 'n manier dat plaaslik inheemse plante kans kry om te groei en saad te skiet. 'n Voorbeeld is OM se program van "grow don't mow". Indringers en uitheemse plante word sover moontlik verwyder.

Op heel klein skaal

- In 'n enkele tuin word alles wat nie van nature in die omgewing groei nie, uitgehaal en slegs plaaslik inheemse plante word geplant. Plaaslik inheems is plante inheems aan die streek, nie plante wat inheems aan die land is nie.

Kleinmond: enig in sy soort

Kleinmond is nie net 'n belangrike deel van 'n verklaarde biosfeer nie, maar ook van die Kaapse Blomstreek.

Biosfeer

'n Natuurreservaat is 'n beskermde gebied waar plaaslik inheemse en dikwels ernstig bedreigde plant- en dierelewe versigtig bestuur en bewaar word.

'n Biosfeer-reservaat verskil van 'n reservaat. Dit het drie gebiede of sones:

- Die kernsone (meestal 'n natuurreservaat) is opsygesit vir die bewaring van 'n spesifieke ekosistels met sy plante- en dierelewe en natuurlike eienskappe.
- Die buffersone rondom die kernsone is opsygesit om ekonomiese ontwikkeling te keer wat skadelik vir die kernsone kan wees. Die sone bied ruimte vir aktiwiteite met min impak op die omgewing (stap, voëlkyk, fietsry, visvang van die kus af).
- Die oorgangsgebied laat ekonomiese aktiwiteite soos behuising, geskikte boerderybedrywighede, industrieë en handeldryf toe. Hier moet die behoeftes van mense en die gesondheid van die natuurlike omgewing in balans gehou word.

Die sukses van die biosfeer-reservaat hang af van hoe goed die mens kan saamwerk met die natuurlike omgewing.

Kogelberg Biosfeerreservaat

- Verklaar in Desember 1998.
- Area: 100 000 hektaar. Hiervan is 30 000 hektaar in die see.
- Een van ongeveer 630 sulke reserwate wêreldwyd.

Kernsone: Kogelberg Natuurreservaat

Vanaf die berge bokant Gordonsbaai (wesgrens) en die Houwhoekpas (oosgrens).

Sluit in: Hangklip Natuurreservaat, Brodie Link (Bettysbaai), Harold Porter Botaniese Tuin, Rooisand Natuurreservaat, Groenlandberg-Natuurreservaat (tussen Grabouw en Botrivier) en Bettysbaai se Mariene Beskermingsgebied.

Buffersone

Steenbrasdam bokant Gordonsbaai, die kuslyn van die Steenbras- tot Botrivierriviermond, die gedeelte van Highlands aangrensend aan die kerngebied, asook die gebied om die Groenlandberg-Natuurreservaat.

Oorgangsgebied

Die areas om Grabouw en Elgin waar sagtevrugte, druiwe en hout verbou word.

Die smal gedeelte langs die kus vanaf die Kogelbaai-ontspanningsgebied deur Rooiels, Pringlebaai en Bettysbaai tot in Kleinmond en die plase oos van Kleinmond.

Laasgenoemde strook is belangrik omdat die natuurlike plantegroei hier nog nie grootliks uitgeroei of verander is nie. Die unieke plante en diere van die Kaapse Blomstreek is dus as't ware op die voorstoep van inwoners in die gebied.

Die Kaapse Blomstreek

Oor die wêreld is daar gebiede wat besonder blomryk is. Ses sulke blomstreke (floral kingdoms / regions) is geïdentifiseer en die Kaapse Blomstreek is een daarvan.

Dit strek rofweg van die Cederberge kuslangs tot in die Oos-Kaap.

Die Kaapse blomstreek is die kleinste van die ses streke, maar bevat die grootste verskeidenheid blomplante. Meer as 9 000 plantspesies is al hier opgeteken, waarvan 69% endemies (beperk tot die gebied) is.

Die streek bevat ook vyf van Suid-Afrika se 12 endemiese plant-families en 160 endemiese genera. Hulle kom nêrens anders in die wêreld voor nie.

Die plantegroei-tipe in die grootste deel is fynbos (hoofsaaklik *Proteas*, *Ericas* en *Restio's*). Ander plantegroei-tipes is sandveld, renosterveld en SA bergwoud.

Die Kaapse Blomstreek word beskou as 'n brandpunt vir biodiversiteit ("biodiversity hotspot"). Dit is een van die areas in die wêreld waar plante tans die heel vinnigste uitsterf, hoofsaaklik weens habitatverlies, indringerplante en gronddegradasie.



Grafika: <https://kogelbergbiosphere.org.za/>



To hike on any of Kleinmond's network of hiking routes and enjoy alien-free vistas like this should not be taken for granted. There is a lot of hard work by volunteer hackers behind it.

Kleinmond hacking activities

The most serious threat to our indigenous plant life is that posed by alien plant invasion. Alien plants and trees smother fynbos. The soil becomes barren.

If you question this statement, I invite you to travel to Hermanus and compare the vegetation surrounding Kleinmond with that bordering on Arabella as well as the vegetation beside the road going to Hawston and between Hawston and Hermanus.

Why is Kleinmond different? I believe that it is largely because of the activities of our hacking group. This small group remove thousands of aliens every year. In January, February and March of this year alone they report the following:

Australian Myrtle	11 300
Black wattle	2 342
Port Jackson	2 224
White horseweed Perdebos	2 087
Long-leafed wattle	772
Pine trees	219
Hakea	163
Lantana	69
Pampas grass	51

Casuarina	35
Eucalyptus	10
Rooikrans	5
Manatoka	4

This work is ongoing. Although the group has completely cleared the area on the plateau in the vicinity of Kasteelkop, we saw five quite large Hakea trees there a few weeks ago.

If you ever walk on the trails surrounding Kleinmond, you can help with this effort. Just reporting alien plants is an important first step.

Send a note to kleinmondnbv@gmail.com.

A second important step is to join the group. You will find that this is so much more than garden work. It is turning your words into actions. It is contributing to preserving our unique fynbos. It is being in the lovely fresh air of our village, saving our pristine bit of the world, getting to know a group of people who refuse to give in to so-called "old age" and remain active and mentally alert well into their eighties. It is taking part in something larger than yourself. And it is deserving that post-lunch nap, for once.

Four of the serious invaders that have been targeted by the hacking group the past three months

Australian Myrtle



Black wattle



Port Jackson



White horseweed



A makeover for the boardwalk to Palmiet beach

We would like to take this opportunity to thank Kleinmonders for their interest and willingness to be involved in the renovation and maintenance of our hiking trails in Kleinmond. The Palmiet Coastal Trail needs urgent and major attention, however, and we would like to ask for your support.

Background

The trail is a popular walk for locals and tourists, but it is in a poor condition and needs regular repairs. It looks neglected and with loose and broken boards it is dangerous and sometimes difficult to navigate. Over time our society became involved in the trail's maintenance and restoration. That is why this project is now being launched.

We considered local and international best practices to find a solution for our local conditions. Our brief was to keep the trail as natural as possible but also to consider aspects such as cost, durability, theft and vandalism.

After many inputs, consultations and trials, it was decided to use cement sleepers. They are not only the best option cost-wise, but are also durable and resistant to fire, as well as unattractive to vandals and thieves.

Pilot project

A 10-meter experimental section was recently completed and the public's comments were sought. Various suggestions were received and where possible they were implemented. The final product has been approved by the Overstrand Municipality and we can now proceed with the reconstruction of the path.

The total length of the boardwalk is 800 meters and at the current price it will cost approximately R400 000 to replace the wooden boards with sleepers. The Kleinmond Nature Conservation Society (KNCS) does not have sufficient funds for such a large undertaking and we therefore plan to do the work in phases over five years. We hope to get the support of the Overstrand Municipality, businesses, private individuals and other institutions to complete the project as planned.

Fundraiser

Would you please consider supporting us with a



financial contribution? This fundraiser takes place under the auspices of the KNCS (a registered NPO). Donations are tax deductible and you will receive a tax exemption certificate.

You can contribute in various ways:

- You sponsor one block @ R130 or
- You sponsor five blocks (2 m) @ R600 or
- You donate the amount (large or small) of your choice.

You can also decide to have a ceramic tile (120 mm x 120 mm) with a personalized message added to your sleeper. The tile is for your own account, as your message and artwork determines the cost of the tile. If you are interested in this option, please email us for the details at plankiespad@gmail.com.

Donation

Make your payment to:
Kleinmond Nature Conservation Society
Nedbank Kleinmond
Account 1032 445 297
Code 131 505
Reference: Your name + (PPP)

Please send proof of deposit to:
plankiespad@gmail.com.